

Donderdag 31

SKRIFGEDEELTE: 1 PETRUS 5 (NAV)

FOKUSGEDEELTE: 1 PETRUS 5:12

Silvanus – wees getroue, diensbare navolgers van Christus!

Ons almal ken hulle! Mense wat die oë en ore, die hande en voete van ons Here Jesus Christus in ons samelewing is. Mense wat geen moeite ontsien om betrokke te raak en diensbaar te wees nie. Mense wat 'n verskil maak. Mense wat nie omgee om deel te word van andere se lewens, met al die vreugdes en vrese nie! Kom ons noem hulle ons geloofsgenote, kerkvriende, *getroue broers* en *susters in Christus Jesus*.

Die apostels Petrus en Paulus het ook so 'n getroue broer *in Christus* gehad (1 Pet. 5:12; 2 Tess. 1:1). Een wat bereid was om saam met hulle diensbaar te wees aan die verkondiging van die evangelie (2 Kor. 1:19). Een wat as medewerker die genade en liefde en vrede van God die Vader *in Jesus Christus* begryp het en ervaar het en sy medegelowiges daarmee geseën het (1 Tess. 1:1).

Hierdie minder bekende medewerker van Petrus en Paulus was Silvanus. Tog word hy as 'n *getroue broer* in die geloof beskryf. 'n *Getroue broer* wat 'n belangrike rol in die dienswerk van die apostels speel. Hy is bereid om sy hande uit sy moue te steek en betrokke te wees, om in te staan en om uit te help (1 Pet. 5:12)! Nie alleen word hy beskryf as 'n *getroue broer* nie, maar hy is inderdaad ook 'n man wat die betekenis van sy naam uitleef.

Sy naam Silvanus (met 'n Latynse oorsprong) beteken *Christen*. Hy is in woord en daad 'n navolger van Christus, 'n voorbeeld vir elkeen wat hom geken het en ook 'n rolmodel vir ons wat van hom gehoor het. Die apostels verbind hulle nie verniet aan Silvanus nie, want God spreek deur sy voorbeeld van diensbaarheid en getrouheid ook tot elkeen van ons.

Mag ons die nuwe jaar ingaan met die voorneme om ook ware "Silvanusse" te wees ... dit is getroue, diensbare navolgers van Jesus Christus!

Sing: Skrifberyming 2-4:1, 2, 3

Ds. OJ (Ockie) Struwig (Frankfort)